Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk
(Registrasienommer 1924/001164/06)
(In die Republiek van Suid-Afrika geregistreer)
("HL&H")

Verdere omsigtigheidsaankondiging

In 'n aankondiging wat op Vrydag, 28 Januarie 2000 gepubliseer is, is bekendgemaak dat Industrial Partnership Investments Beperk ("IPI"), 'n filiaal van Rembrandt Groep Beperk, dit sou oorweeg om reëlingskemas kragtens Artikel 311 van die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig, tussen HL&H en sy gewone en voorkeuraandeelhouers ("aandeelhouers"), uitgesonderd IPI, voor te stel, of op sodanige wyse wat IPI as meer doeltreffend sou ag en wat dieselfde gevolge sou hê ("die voorgestelde skemas").

Aangesien die opbrengs uit die verkoop van die bates van Transvaal Suiker Beperk ("die suikerbesigheid") minder beloop het as verwag, is 'n voorwaarde van die voorgestelde skemas nie nagekom nie. IPI mag steeds die voorgestelde skemas implementeer hangende die uitslag van 'n onafhanklike waardasie van HL&H en oorweging daarvan deur die direksie van HL&H. Die voorgestelde skemas mag teen gewysigde skemateenprestasies geïmplementeer word, en steeds onderworpe wees aan, *inter alia*, goedkeuring van die verkoop van die suikerbesighede deur die Kompetisiekommissie.

HL&H-aandeelhouers word gemaan om verhandelinge in hul aandele met voortgesette omsigtigheid aan te gaan totdat 'n verdere aankondiging gepubliseer word, wat na verwagting gedurende die week ná die algemene jaarvergadering van HL&H wat op 8 Augustus 2000 gehou sal word, sal wees.

Sandton
21 Julie 2000

Beleggingsbank en Korporatiewe Adviseur

Real Africa Durolink
Investment Bank Beperk
(Registrasienommer 1987/005258/06)
www.radbank.co.za

FCB Jonssons

0/0381 - Cautionary - 21x4
MATTHEW/LOUIS (Goudy 10/11)
AFRIKAANS – 11TH PROOF